Loflied – 407:1-2

Triomf, triomf, Immanuel! Hy, God-met – ons, Hy het oorwin,
Die Heer oorwin die dood en hel lei ons die Vaderwoning in –
na bitter stryd en lyding laat deel ons sy bevryding!
Triomf, triomf, verlossingsdag- die Heil'ge Gees verklaar met krag
Hy's Seun van God die Vader. Hy heers en elke vyand sien hoe dat sy
volk Hom dankbaar dien; Hom loof vir sy genade.

2. Triomf, die Heer het opgestaan! Die laaste vyand is verslaan,
geen mag hou Hom gebonde. Wie in Hom sterf, sal met Hom leef;
wie skuld bely, die word vergeef – deur Christus vry van sonde.
Hy, heerlik aan God's regterhand, Hy stuur vir ons die Gees as pand –
die Gees laat ons herlewe. Ons, deur sy wonderkrag bevry, bly oor en
oor sy word bely: Hy leef, en jul sal lewe!

Vredesgroet

Kinderkerk

Verootmoediging en skuldbelydenis –
1 Johannes 4: 7-21

Lied 247

1. Heer, wees ons genadig, Christus, wees genadig,
Heer wees ons genadig.

2. Kyrie eleison, Christe eleison, Kyrie eleison.

Genadeverkondiging

Antwoord: Lied 233

1. Ek, Vader, wat gesondig het -
hoe skuldig staan ek voor u wet,
maar tog in Christus heilig!
Ek wil my skuld voor U beween;
ek soek en roep weer om u seën,
u Gees laat voel my veilig.
Help my geloof om vrug te dra
soos wat U van verlostes vra
in woorde en in dade.
Ek was verlore, is gevind;
ek was vervreemd, is nou u kind -
hoe groot is u genade!

Apostoliese Geloofsbelydenis as toeëiening van genade

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die
maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle
neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het
uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan
die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar
Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat
reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.
Amen.

GOD PRAAT MET ONS UIT DIE BYBEL

Gebed om die opening van die Woord

Lied 258: 1

1. Vreugdevolle tyding,
bron van hartverblyding -
evangeliewoord!
Woord van lig en lewe
rig ons aardse strewe
as bevrydingswoord -
deur sy Gees laat God dit wees:
woorde van sy openbaring,
van sy heilsverklaring.

Skriflesing – Johannes 15: 1-8

Boodskap

SAAM MET GOD AAN TAFEL

Opsteek van kerse by die Christuskers

Offergawes

GOD STUUR ONS...

Slotlied 273: 1-4

1. Laat my met U verenig lewe,
U wat die ware wynstok is;
u krag gee my voortdurend lewe,
bewaar my van verderfenis.
Deurstroom, besiel en seën my
sodat ek altyd vrugbaar bly.

2. Word elke loot nie reg gesnoei nie,
sal daar net wilde lote skiet.
Die druiwestok sal nie kan bloei nie,
die rank en loot geen vrugte bied.
Die wyse wynboer ken sy snoei
sodat die druif al voller groei.

3. Geen groeikrag kom deur eie strewe,
niks kan ek sonder U, o Heer;
in u gemeenskap bloei my lewe
en word die lewensvolheid meer.
Ek wil aan U verbonde bly -
bly U, o Here, steeds in my.

4. Nee, Heer, van U wil ek nie skei nie,
U wat die ware wynstok is.
As ek nie in u liefde bly nie,
is ek 'n loot wat vrugloos is.
Gee dat ek altyd vrugbaar bly
en U verheerlik word in my.

Seëngroet

Amen - Lied 314 [x2].

Ned. Geref. Gemeente Pinelands

EREDIENS

6 Mei 2012

5de Sondag van Paastyd

GOD BRING ONS VOOR HOM SAAM

Verwelkoming en Bulletin
Aanvangslied – 417: 1-2

1. Jesus, ons eer U, opgestane Heer.
Lewensvors en Koning, U het triomfeer!
Hoe was U verneder, hoe het U gely;
hoe is U verheerlik! U voer heerskappy.
Jesus, ons eer U, opgestane Heer.
Lewensvors en Koning,
U het triomfeer!

2. Jesus, ons eer U, opgestane Heer,
omdat U oorwin het, sal ons triomfeer!
Hoe was ons gebonde,
hoe was ons verkneg.
U bevry tot lewe, baan vir ons die weg.
Jesus, ons eer U, opgestane Heer,
nou het ons 'n toekoms:
lewe by ons Heer!

Aanvangswoord
V: Die Here het opgestaan!
G: Die Here het waarlik opgestaan!
A: Amen.

Seëngroet
Genade en vrede van God die Vader en van die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van die Heilige Gees.